Oude Westhof
Retirement Village • Aftree-oord

# VERSLAG VAN DIE TRUSTEES VAN DIE SAKE VAN DIE OUDE WESTHOF OORD BESTUURSVERENIGING ("die Bestuursvereniging") VIR DIE PERIODE 1 MAART 2023 TOT 29 FEBRUARIE 2024

## INLEIDING

Hierdie verslag word ingevolge Klousule 28(5) van die Grondwet aan lede vir oorweging voorgelê.

Die werksaamhede, pligte en bevoegdhede van die Bestuursvereniging word behoudens die bepalings van die Deeltitelskemasbestuurswet, 2011 (Wet Nr. 8 van 2011), die Grondwet van die Bestuursvereniging en enige beperkinge opgelê of opdragte gegee by 'n Algemene Jaarvergadering, uitgeoefen en uitgevoer deur Trustees wat kragtens die Grondwet aangestel is.

## RAAD VAN TRUSTEES

Die volgende persone het gedurende die verslagperiode as Trustees gedien:

| NAME | |
|---|---|
| Mnr WF van der Merwe | Voorsitter |
| Mnr F Vleggaar | Onder-Voorsitter |
| Dr A G Dreyer | Bedank 26 Junie 2023 |
| Mnr C Heyns | |
| Mnr HW Hurter | |
| Mnr N Müller | |
| Me E Myburg | |
| Me M Rademeyer | |
| Mnr JJ Rousseau | |
| Mnr BK Wehrle | |
| Mnr G Strydom | |

## SUBKOMITEES

Die Grondwet magtig die Raad van Trustees om ingevolge Klousule 17(2)(c) van die Grondwet subkomitees te vorm vir die oorweging van spesifieke aangeleenthede met die voorbehoud dat sodanige subkomitees nie die bevoegdheid sal hê om die Bestuursvereniging in reg te bind nie, of om besluite te neem nie, maar in elke geval moet aanbevelings verwys word na die Raad van Trustees, by elke daaropvolgende Raadsvergadering.

Die Raad funksioneer tans met vier (4) Subkomitees, te wete:

- Finansiële Komitee onder voorsitterskap van mnr Frits Vleggaar
- Onderhouds-, Tuin- en Sekuriteitskomitee onder voorsitterskap van mnr Chris Heyns
- Spysenieringskomitee onder voorsitterskap van mnr Chris Heyns

- Sosiale Komitee onder voorsitterskap van me Dina Vleggaar

Die subkomitees is saamgestel uit lede van die Raad van Trustees, wat aangevul word deur inwoners wat bereid is om diens aan die Oord te lewer.

Die lede wat gedurende die verslagperiode op die subkomitees gedien het, is soos volg:

> * Die Voorsitter van die Raad van Trustees en die Bestuurder dien *ex officio* op alle subkomitees

1. **FINANSIES**
   Frits Vleggaar: Voorsitter
   Chris Heyns
   Hennie Hurter
   Nick Müller
   Estelle Myburg
   Bruno Wehrle

2. **ONDERHOUDS-, TUIN- EN SEKURITEITSKOMITEE**
   Chris Heyns: Voorsitter
   Gert Strydom
   Andre Dreyer
   Allan Birkett – Nutsvoorman
   Donovan Hewitt - Tuinvoorman
   Hennie Hurter
   Ina Hurter
   Maretha Rademeyer – Voorsitter Tuine
   Jannie Rousseau
   Elza Beekman

3. **SPYSENIERING**
   Chris Heyns: Voorsitter
   Ina Prevedello - Verpleegbestuurder
   Dina Vleggaar
   Laetitia Adonis – Senior Eetkamerpersoneel
   Vanessa Edwards: Kombuisbestuurder
   Carmelita Albertyn - WPC
   Lorette Brink – WPC

4. **SOSIAAL**
   Dina Vleggaar (Voorsitter)
   Louise van der Merwe
   Marita de Wet
   Frances Loubser
   Alida Pretorius
   Hanna Janse van Vuuren
   Henriette Bruwer

Aan voormelde subkomiteelede 'n woord van waardering vir die waardevolle insette wat elkeen gelewer het om die bestuur van die Oord te vergemaklik. Dit is reeds 'n instelling dat die subkomitees maandeliks vergader, gewoonlik in die week wat die maandelikse Trusteevergaderings voorafgaan. Die notules van die subkomitees word by die Trusteevergaderings ter tafel gelê en voorstelle of aanbevelings word gedebatteer en besluite geneem.

'n Spesiale woord van dank en waardering word oorgedra aan die volgende persone wat die subkomitees in hul take bygestaan het:

- Lorette Brink, Vanessa Edwards-Stoman en Carmelita Albertyn van die diensverskaffer WPC.
- Thando Makapela, die spanleier van Imvula Sekuriteit.
- Me Ena Botha, me Vena Crisswell, me Anni Tregoning en me Estelle Myburg vir dienste in die biblioteek gelewer.

Voormelde vergaderings is onontbeerlik vir die behoorlike bestuur van die Bestuursvereniging.

**FINANSIES**

**Resultate vir die jaar tot 29 Februarie 2024.**

Bevredigende resultate word gerapporteer:

1 Bedryfsinkomste: Totale Bedryfsinkomste het R11 022 892 beloop, effens beter as die begrote R10 857 997.

2 Bedryfsuitgawe: Totale Uitgawes het R16 229 739 beloop, 10.3% bo begroting.

Die hoof-areas van oorspandering was Munisipale Uitgawes (R358 015 ongeveer 27.7%), Onderhoud (R528 540 van 23%) en Spesiale Projekte (R418 858 ongeveer 62.9%).

Die belangrikste redes vir hierdie oorspandering was:

a. Kragopwekker R265K
b. Kantienprojek R353K
c. Diens van substasies R187K
d. Kameraprojek R241K
e. Gemeenskapsverpleging-salarisse R353K
f. Munisipale uitgawes R358K
g. Aanstelling van addisionele boekhoudster R110K
h. Belasting het met meer as R219K gestyg.

Al die bogenoemde uitgawes was ten volle regverdigbaar en by Trusteevergaderings vir goedkeuring voorgelê voordat daaraan toegewy is.

3 Bedryfstekort: Die bedryfstekort was R5 206 847.

4 Ander inkomste: Na ander inkomste bestaande uit Uittreeheffings (R5 648 124), Intreeheffings (R1 395 200), ander inkomste (R14 399) en rente ontvang (R1 238 475) het die resultaat voor belastig R3 089 351 bedra.

5 Netto Surplus: Na belasting van R279 230 het die Netto Surplus R2 810 121 bedra.

6 Administratiewe Fonds: Hierdie fonds bestaan uit die balans van alle inkomste, minus uitgawes en die balans op jaareinde het R9 898 995 bedra.

7 Reserwe Fonds: Hierdie fonds mag gebruik word vir buitengewone (groot) onderhoudsuitgawes en mag uit die Administratiewe Fonds aangevul word, soos benodig. Die fonds se balans staan op R6 472 424 wat binne die voorgeskrewe perke is.

8 Aanwending van Fondse: Die Administratiewe Fonds surplus plus die Reserwe Fonds op jaareinde word vir die Sorgsentrumlening van R1 373 548 aangewend, terwyl die balans in rentedraende rekeningdeposito's van ongeveer R15M gehou word.

9 Uittreksel uit die Gekonsolideerde Resultate (Verwys na Aanhangsel 'A'):

- Totale Inkomste R18 420 414
- Totale Uitgawes R24 406 696
- Bedryfstekort R(5 986 282)
- Ander inkomste R13 578 254
- Netto Surplus R7 386 262
- Totale Bates R45 074 609

**EIENDOM EN INSTANDHOUDING**

Onderhoudswerk word deur die nutsmanne, onder leiding van mnr Allan Birkett, gedoen.

Verskeie gebarste pype, munisipaal, sowel as besproeiing, het gedurende die verslagtydperk aandag geverg en is herstel.

Verskeie eenhede is aan die binnekant geverf, vir die eienaars se rekening. Vier-en-dertig huise is in die verslagperiode aan die buitekant geverf.

Daar word stelselmatig voortgegaan met die vervanging van deurgeroeste platdakplate met Cliploc-plate, ten spyte van die skaarste daarvan, wat hierdie proses vertraag. Tydens dakvervangings word ook aandag geskenk aan isolering en foutiewe waterpype. Elf huise se dakke is vervang. Gedurende die verslagperiode moes rioolpype by drie huise vervang en herlei word.

Plaveiselwerk is by tien eenhede gedoen. Herstelwerk is aan verskeie pompe wat onklaar geraak het, gedoen of pompe is vervang. Pompe en filters by die tenkaanleg, sowel as by die besproeiingsaanleg, word gereeld skoongemaak of vervang, indien nodig.

Daar is met die opgradering van die gholfkarretjies begin, waarvan twee voltooi en een met nuwe lithium batterye toegerus is.

'n Groot kragopwekker is aangekoop en 'n spesiale blad is gebou, 'n dak is opgesit en verskansing is aangebring. Al die gloeilampe in die Klubhuis is vir kragbesparing na LED-gloeilampe verander. Daar is Wi-Fi in al die klubgeboue, woonstelle en Hulpsorgwoonstelle aangebring om die nuwe warmwatersilinder-meters in staat te stel om te funksioneer.

Die nutsspan was ook grootliks betrokke by die omskepping van 'n gedeelte van die Gesondheidsorggebou in nuwe hulpsorgwoonstelle.

**TUINE**

Tuine word deur die tuinspan, onder leiding van Donovan Hewitt, onderhou.

Gedurende die verslagperiode is verskeie projekte aangepak en voltooi, nl. die damme en strome is met koperfosfaat bespuit vir die beheer van alge, die swembadarea het aandag geniet, boomringe is om boomstamme geplaas vir beskerming teen grassnyers, die buite kameras is skoongemaak en die sensors se pad is oop gesnoei en gif vir miere is by verskeie huise gespuit.

Damme en strome word op 'n gereelde basis skoon- en netjies gemaak.

Die grensheining en 'n area van 'n meter is buite-om die Oord gesnoei, skoongemaak en met plantgif bespuit. Die proses waartydens besproeiingspunte buite om die grensheining geplaas word en aangeskakel kan word indien 'n brand sou uitbreek, is ook aan die gang.

Op aanvraag van inwoners is baie tuine vereenvoudig en is gras geplant. Verskeie inwoners maak van addisionele werkers gebruik om hul tuine te onderhou. Vragte grond is verkry om ongelyke areas in die Oord op te vul. Potte is ook by tuine verwyder, waar dit nie meer goed vertoon nie.

Gif word gespuit op areas waar nodig, soos plavleisel, grasperke en sypaadjies.

Die Klubhuis vertoon binne en buite goed en plante word aangekoop soos benodig. Die tuin by die ingang word goed versorg en die Hulpsorgwoonstelle se tuin is netjies.

Heinings, bome en struike word deurlopend gesnoei. Loffels word deurlopend versorg en skoongemaak en, waar nodig, met grondbedekking wat min arbeid vereis, herbeplant.

**SEKURITEIT**

Geen ernstige sekuriteitsinsidente is tydens die verslagperiode in die Oord ondervind nie. Die sekuriteitspersoneel is professioneel in hul optrede, is vriendelik en hulle voer hul pligte bekwaam uit. Ons samewerking met die sekuriteitsdiens ADT, wat die Van Riebeeckshofarea bedien,is op `n gesonde grondslag.

Die sekuriteitskameras rondom die Oord werk uitstekend en word gereeld nagegaan om optimum verrigting te verseker.Om dit te kon laat werk gedurende kragonderbrekings, is al die batterye met lithium batterye vervang. Sekuriteit van die Oord is van uiterste belang en sal nooit afgeskeep word nie. Die bestaande paniekknoppie-stelsel is met 'n moderne digitale stelsel vervang en werk tans baie goed.

**SPYSENIERING**

Na afloop van die Covid-pandemie is dit 'n riem onder die hart om te ervaar dat die meeste van die inwoners stadigaan weer begin het om in die eetkamer te kom eet. Hulle het besef dat hulle mekaar se geselskap nodig het. Daar is ook heelwat nuwe intrekkers in die Oord en so leer hulle mekaar ken in die eetsaal.

2023/ 2024 het met ernstige kragonderbrekings voortgegaan en die situasie het net stelselmatig versleg. Met behulp van die nuwe groot kragopwekker het dit die kombuis in staat gestel om vol te hou met die voorbereiding van ongeveer 270 etes gemiddeld per dag.

Spesiale etes soos Valentynsdagete, Kersete, braai vir Trustees en baie ander sosiale funksies is deur die loop van die jaar met groot sukses, in samewerking met die Sosiale Komitee, kantoor, kombuis- en eetkamerpersoneel, aangebied.

Ten slotte word die WPC Kombuisbestuurder, me Vanessa Edwards, en haar span vir hulle harde werk en voorbereiding van heerlike maaltye geprys en bedank.

Al die rolspelers word vir 'n suksesvolle 2023 / 2024 in die eetsaal, Sorgsentrum en aflewering van etes bedank.

**SOSIAAL**

Die afgelope jaar het die Sosiale Komitee weereens 'n paar suksesvolle funksies vir inwoners gereël. Die eerste funksie was die Valentynsete in samewerking met WPC wat die etes voorberei het. Daar was ook 'n Hannon-produkte-oggend, 'n inligtingsoggend oor mediese aspekte en die gereelde sop- en speletjiesaand. Die Tygerbergkoor het in Oktober by die Klubhuis opgetree in Oktober met 'n kerrie- en rysete daarna. Die hoogtepunt van die jaar was die Kersete waar 130 gaste ontvang is.

Roudienste is gehou waar die Komitee die tee, koffie en eetgoed bedien het.

Waardering en dank word aan die kombuis en eetkamerpersoneel uitgespreek, wat altyd met die voorbereiding behulpsaam is. Die kantoorpersoneel word ook bedank vir hulle hulp met die druk van kaartjies, om die gastelys op datum te hou en betalings te hanteer.

**Kommunikasie met lede**

Kommunikasie met lede vind op deurlopende basis plaas by wyse van inligtingsvergaderings, rondskrywes, maandelikse Gazette en groep-sms-boodskappe.

**Personeel**

Gedurende die verslagperiode het die Bestuurder en personeel weereens 'n waardevolle diens aan die inwoners gelewer. Die Raad van Trustees wil graag langs hierdie weg sy dank en waardering aan die personeel oordra vir die nougesetheid en gewilligheid waarmee die dienste gelewer is.

**W F VAN DER MERWE**
**VOORSITTER**
**RAAD VAN TRUSTEES**
**13 JUNIE 2024**

**F VLEGGAAR**
**ONDER-VOORSITTER**
**RAAD VAN TRUSTEES**
**13 JUNIE 2024**